

KLIPPIES KRITZINGER

JACOB NTHAKHE

PETER MARUPING

COBUS VAN WYNGAARD



**B** leef belhar

VERWELKOM • ONTDEK • VERBIND

UITNODIGING TOT 'N REIS





Outeursreg © Bybel-Media 2013  
Bybel-Media, Privaatsak X5, WELLINGTON 7654  
[www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

Alle regte voorbehou  
Tensy anders vermeld, is die Bybelteks wat in hierdie  
boek aangehaal word, geneem uit die 1983-vertaling met  
herformulerings van die Bybel in Afrikaans.  
Kopiereg © 1983, 1990 Bybelgenootskap van Suid-Afrika  
Met toestemming

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike  
toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige  
vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg  
weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname,  
of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Redaksionele versorging: Chris van Wyk  
Grafiese ontwerp: [www.mariamagdalenaco.za](http://www.mariamagdalenaco.za)

Vertaling van *Living Belhar*: Klippies Kritzinger, Jacob  
Nthakhe, Peter Maruping en Cobus van Wyngaard by  
Bybel-Media, 2013 ISBN: 978 0 86487 723 9.

Vertaling: Lynette van Wyk


Gedruk en gebind deur Bybel-Media  
Eerste uitgawe, eerste druk 2013

ISBN: 978-0-86487-727-6



VERWELKOM • ONTDEK • VERBIND

LEEF BELHAR

 bybelgenootskap van belhar





# INHOUDSOPGAWE

voorwoord	01
praktiese riglyne vir die gebruik van hierdie boekie	03
<i>artikel 1</i> hoop op God se getrouheid	06
<i>artikel 2</i> aanvaar mekaar	09
<i>artikel 3</i> bevorder versoening	12
<i>artikel 4</i> laat reg geskied	15
<i>artikel 5</i> dien een Here	19
teologiese nadenke	22
die belydenis van belhar (1986)	24
die begeleidende brief	27

# VOORWOORD

## UITNODIGING TOT 'N 5 X 5-REIS

Hierdie boekie bied die Belydenis van Belhar aan as 'n lewenswyse. Dit is bedoel om 'n groep Christene te help om mekaar as mede-gelowiges te leer vertrou, beter te verstaan wat Belhar beteken en hulleself te verbind tot daaglikse gewoontes en projekte wat die boodskap van hierdie Belydenis beliggaam. Die 5 x 5-reis is bedoel vir vyf lidmate van een kerk in die NGK familie (bv die VGKSA) en vyf lidmate van 'n ander kerk (bv die NGK) wat mekaar vir vyf weke ontmoet en Belhar saam ontdek. Elke hoofstuk sal 'n uur en 'n half (90 minute) neem om te voltooi.

Die doel van hierdie boekie is daarom nie om enigeen van die waarheid of waarde van Belhar te probeer oortuig nie. Dit is bedoel vir 'n groep mense wat reeds die boodskap aanvaar het en wat dit saam prakties wil uitleef. Dit is veral 'n onderneming vir lidmate van die NGK-familie (NGK, VGKSA, NGKA, RCA) om Belhar te begin uitleef deur 'n gesamentlike beweging vir hoop, eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid in die groter Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is gebaseer op die verstandhouding dat die (her)vereniging van die NGK familie, soos wat dit in Belhar verwoord word, van ons almal 'n draai na mekaar toe sal vereis. In hierdie sin kan die eenheidsbeweging wat hier gemodelleer word 'n roete verskaf vir die verenigingsproses as 'n geheel.

Die boekie het vyf kort hoofstukke wat elkeen verteenwoordigend is van een van die vyf artikels van die Belydenis van Belhar. Die volledige Afrikaanse vertaling van Belhar en die begeleidende brief is ingesluit in die addendum, aangesien net uittreksels van die belydenis in hierdie hoofstukke aangehaal word. Die volgende frases vat die inhoud van elke artikel saam:

ARTIKEL 1	<b>H</b>	<b>HOPE IN GOD'S FAITHFULNESS</b>	(Hoop op God se getrouheid)
ARTIKEL 2	<b>A</b>	<b>ACCEPT ONE ANOTHER</b>	(Aanvaar mekaar)
ARTIKEL 3	<b>N</b>	<b>NURTURE RECONCILIATION</b>	(Bevorder versoening)
ARTIKEL 4	<b>D</b>	<b>DO JUSTICE</b>	(Laat reg geskied)
ARTIKEL 5	<b>S</b>	<b>SERVE ONE LORD</b>	(Dien een Here)

Die beginletters van die 5 artikels soos dit in die Engelse weergawe gevind word, het die akroniem HANDS tot gevolg. Ons glo dit is 'n gepaste uitdrukking van die boodskap van Belhar wat terselfdertyd 'n oproep tot aksie en 'n uitdrukking van Christelike waarheid is. In elke hoofstuk vertolk 'n spesifieke gebruik van ons hande die bepaalde manier van lewe waartoe Belhar ons roep.

'n Eerste weergawe van hierdie boekie is in 2009 deur Klippies Kritzinger geskryf. Dit is gedurende daardie tyd baie verryk deur kommentaar van Frederick Marais en Chris van Wyk. In Februarie – Maart 2013 is dit gefinaliseer nadat 'n groep van agt VGKSA- en NGK-predikante die 5 x 5-reis, saam in Pretoria voltooi het. Ons as groep het die reis so waardevol en uitdagend ervaar dat vier van ons daarna gaan sit het en die boekie hersien het vir breër gebruik. Ons

glo dat die gesamentlike outeurskap van hierdie boekie 'n uitdrukking is van die lewenswyse waartoe Belhar ons roep.

Die boekie is tydens die Paasaweek van 2013 voltooi. Ons maak dit beskikbaar met die gebed dat die krag van Christus se opstanding ons hande sal vorm tot instrumente van hoop, eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid.

*Klippies Kritzinger*

*Peter Maruping*

*Jacob Nthakhe*

*Cobus van Wyngaard*

# **PRAKTIESE RIGLYNE**

## **VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE BOEKIE**

### **KRY 'N 5 X 5-GROEP AAN DIE GANG**

Soos in die voorwoord aangedui, is die boekie bedoel om lidmate van verskillende kerke, spesifiek die kerke van die histories-verdeelde Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie in Suid-Afrika, te help om saam die Belydenis van Belhar prakties uit te leef. As jy die boekie lees en glo dat hierdie reis die moeite werd is om te onderneem, stel ons die volgende stappe voor:

1. Vind iemand van 'n ander kerk of agtergrond wat jou oortuiging deel sodat hierdie vyf ontmoetings die moeite werd sal wees. As jy byvoorbeeld 'n lidmaat is van die VGKSA, soek 'n NGK-lidmaat in jou omgewing wat jou vennoot kan word in die bymekaar bring van 'n Leef Belhar-groep. Dieselfde geld vir lidmate van die NGK, NGKA, RCA en omgekeerd. As jy hoegenaamd nie so iemand ken nie, kontak die predikant van 'n gemeente naby aan jou en vra om aan iemand voorgestel te word.
2. Gee 'n afdruk van die boekie aan hom/haar en reël 'n ontmoeting sodat die twee van julle mekaar beter kan leer ken. Bespreek dan die inhoud van die boekie sodat julle seker is dat julle albei gemaklik is met die proses.
3. Die volgende stap is vir elkeen van julle om nog vier ander lidmate van julle onderskeie kerke te vind om by die 5 x 5-groep aan te sluit. Maak dit duidelik dat hierdie verbintenisse net vyf weke sal neem, maar dat van hulle verwag sal word om die ontmoetings na te kom. As 'n moontlike lid van die groep onseker is oor sy/haar deelname, kan jy dit oorweeg om aan hom/haar 'n afdruk van die boekie te leen om eers daarna te kyk voordat hy/sy 'n verbintenis maak om deel van die groep te wees.
4. Kondig die datum en tyd van die eerste groepsessie aan waar jy die afdrukke van die boekie aan almal kan uitdeel en ooreenkom op 'n datum en tyd vir die vyf weeklikse sessies.
5. Dit sal baie help as alle groeplede hulle daartoe verbind om stiptelik by die ontmoetings op te daag en sal voorberei vir die volgende groepsessie deur die Bybelgedeeltes en die betrokke artikel van Belhar wat bespreek gaan word te bestudeer.

### **HOE OM 'N 5 X 5-GROEPSESSIE TE LEI**

#### **FASILITEERDERS**

Ons stel voor dat die twee sameroepers van die groep die eerste sessie lei en dat die groep dan oorweeg om elke week twee ander groeplede aan te wys om die volgende sessie te lei. Op so 'n manier kry elke groeplid 'n geleentheid om voor te berei en mede-verantwoordelikheid te neem vir die proses. Moet dit egter nie op die groep afdwing as almal nie bereid is om dit te doen nie.



Tydens elke sessie moet die twee leiers die waarde van die gesprek en samewerking modelleer deur die verantwoordelikhede vir die sessie te deel. Een kan byvoorbeeld die VERWELKOMING-deel lei, 'n ander die OMARMING-deel, ensovoorts. 'n 5 x 5-sessie moet ideaal gesproke nie langer duur as 90 minute nie ('n uur en 'n half). By elke hoofstuk is daar voorstelle vir hoeveel tyd jy behoort toe te laat vir elke deel, maar dit is bloot riglyne – moenie hierdeur ingeperk voel nie.

## **DIE GROEPSPROSES**

Die Leef Belhar-proses is nie bedoel om vir mekaar te preek nie. Dit bied 'n geleentheid vir tien mense om hulle stories te deel, mekaar te leer ken, Belhar saam te ontdek en hulle tot gesamentlike aksie te verbind. Groepleiers moet daarom seker maak dat elke lid deelneem en dat geen persoon te veel "lugtyd" gedurende 'n sessie opneem nie. Wanneer iets betekenisvol in die groep na vore kom, moet daarop gefokus word. Die stories wat met mekaar gedeel word, mag dalk belangriker wees as die voltooiing van die program vir die sessie.

## **VYF BEWEGINGS**

Die hoofstukke is nie in 'n vraag-en-antwoord-styl geskryf nie. Elke Leef Belhar-ontmoeting bestaan uit vyf bewegings wat die groep nader aan mekaar bring en 'n ruimte skep waar groepslede hulle lewe met mekaar kan deel. Die fasiliteerders se rol is om die groep deur hierdie bewegings te begelei. Die volgende oorsig verduidelik die aard van elke beweging.

## **VERWELKOMING**

Hoe ons mekaar by die ontmoetings verwelkom, bepaal hoe ons gesprekke gaan ontwikkel. Die fasiliteerder moet seker maak dat die groeplede op so 'n manier sit dat almal gemaklik kan deelneem. As 'n persoon deur die plek waar hy sit, uit die groep uitgesluit word, moet dit reggestel word vóór die aanvang van die sessie. Maak seker dat die ontmoeting stiptelik begin, sodat julle nie langer as 'n uur en 'n half aangaan nie. Open met 'n kort gebed waarin die groep erken dat dit God is wat hulle bymekaar gebring het.

## **OMARMING**

Belhar beklemtoon dat Christene van alle agtergronde in Christus een is en dat hulle daarom moet werk vir herstelde verhoudings tussen hulle. In Suid-Afrika as 'n geheel, asook in ons kerke, gaan ons dikwels nog voort om in aparte wêreldes te leef. Om hierdie verdeeldheid op 'n manier te oorkom, begin ons elke ontmoeting deur tyd toe te laat vir groeplede om iets van hulleself te vertel, sodat ons deur diep luister na mekaar, mekaar kan begin verstaan en omarm. Hierdie beweging is dikwels die een waar die groep die meeste groei. Die fasiliteerder moet sensitief wees vir wat besig is om te gebeur, en onderskei wanneer dit wys is om deelname toe te laat, en wanneer die groep nodig het om aan te beweeg, aangesien hierdie beweging maklik te veel tyd kan opneem. Dit is 'n goeie gewoonte om tydens hierdie deel elke persoon tot twee of drie minute te beperk, sodat elkeen 'n kans kan kry.

## **ONTDEKKING**

Gedurende hierdie beweging, konsentreer ons op die Belydenis van Belhar. Elke week word 'n deel van Belhar en een of twee gedeeltes uit die Bybel hardop in die groep voorgelees. Ons moedig groeplede aan om voor te berei deur die Skrifgedeeltes en die artikel uit Belhar voor die ontmoeting te lees. Elke hoofstuk bevat oop vrae om gesprekke te stimuleer wat deur die fasiliteerder gebruik word om almal te betrek. Hierdie vrae probeer nie "finale" antwoorde van die groep kry nie, maar is eerder bedoel om 'n gesamentlike ontdekking van Belhar in die lig van die Bybel te stimuleer.

## **VERBINTENIS**

Om Belhar te leer uitleef, gaan tyd in beslag neem. Ons verbind onself dus elke week daartoe om ons gesamentlike ontdekkingsreis voort te sit. Die eerste aspek van hierdie verbintenis is aanmekeer. Elke hoofstuk bevat praktiese voorstelle van hoe hierdie verbintenis vorm kan aanneem. Dit vra dat ons as groeplede mekaar op ander maniere gedurende die week kontak of ontmoet om die impak van hierdie gesamentlike reis in ons lewe te verdiep. Die ander aspek van ons verbintenis, is om met ander oë na ons samelewing te kyk: elke week verbind ons ons daartoe om ál hoe meer aktief vanuit hoop, eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid te leef.

## **UITSTUUR**

Ons begin elke ontmoeting met gebed, om daarmee te erken dat dit God is wat ons bymekaar bring. Op dieselfde manier eindig ons met gebed deur te erken dat dit God is wat ons uitstuur na die gemeenskap om die boodskap van Belhar uit te leef. Wanneer ons bid, staan ons op so 'n manier dat dit ons herinner aan die spesifieke artikel van Belhar wat ons bespreek het. Ons sal byvoorbeeld saam Oos kyk wanneer ons ons hoop in God se getrouheid bespreek het, en in 'n sirkel staan en na buite kyk nadat ons nagedink het oor hoe om in die samelewing reg te laat geskied.

Ons stel voor dat 'n groep hulle 5 x 5-reis afsluit deur tydens die finale sessie (week 5) saam nagmaal te vier, nadat dit met 'n plaaslike NGK-, NGKA-, RCA- of VGKSA-gemeente gereël is. Die besluit wat in 1857 deur die NGK geneem is om gemeentes toe te laat om nagmaal apart aan swart en wit lidmate te bedien, was die simboliese begin van afsonderlike kerke en (later) van ondersteuning vir politieke apartheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die Belydenis van Belhar vra ons om daardie beweging om te keer deur die nagmaal saam te vier – as gelowiges wat voor God gelyk is en wat onafskeidbaar aan mekaar verbind is.

# HOOP IN GOD SE GETROUHEID MET LEË HANDE

*Voorgestelde bymeakaarkomplek: 'n Kerkgebou van die VGKSA of die NGK*

## 1. VERWELKOMING (5 MINUTE)

Die groepleiers verwelkom elkeen en open met 'n kort gebed.

Een van die lidmate van die plaaslike kerk deel 'n bietjie inligting oor die gemeente. Dit kan 'n kort geskiedenis insluit, en waarmee die gemeente tans besig is.

## 2. OMARMING (20 MINUTE)

- Aangesien dit die eerste keer is dat die groeplede mekaar ontmoet, stel elke groepslid hom/haarself voor aan die groep en deel sy/haar verwagtinge vir die 5 x 5-reis.
- Groeplede vertel dan kort stories (maksimum twee minute) van hulle persoonlike geloofsreise en deel met mekaar hoe hulle God se getrouheid in hulle lewe ervaar het.

## 3. ONTDEKKING (45 MINUTE)

*Lees Johannes 17:6-15 en Romeine 13:11-14 saam met Artikel 1 van die Belydenis van Belhar:*

### **Johannes 17:6-15**

6 "Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem. 7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; 8 want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. 9 "Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. 10 Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. 12 Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in U Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word. 13 "Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê. 14 Ek het U woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.

## **Romeine 13:11-14**

11 En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. 12 Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. 13 Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. 14 Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.

## **Belydenis van Belhar, artikel 1**

Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

- *Wat ontdek julle wanneer julle saam by hierdie gedeeltes vertoef? Oorweeg vrae soos die volgende:*
  - Hoe ervaar jy dat die Drie-enige God die kerk bymekaar maak, beskerm en versorg?
  - Bespreek die stelling: "Christelike hoop is gebaseer op die insig dat die tyd nie vyf minute voor twaalf is nie (met dreigende verwoesting op hande), maar twaalf minute voor vyf in die oggend (nader aan ons volmaakte verlossing)" (sien Romeine 13:12).
  - Watter rol speel gebed in die eenheid (en eenwording) van die kerk (sien Johannes 17)?
  - Het julle enige hoop vir die eenheid van julle twee kerke? Wat is dit wat vir julle hoop gee?

## **4. VERBINTENIS (10 MINUTE)**

### **4.1 Verbintenis aan mekaar**

- Elke lid van die groep kies 'n lidmaat van die ander kerk as 'n 1 x 1-maat vir die week;
- Hulle ontmoet vlugtig en verbind hulleself om daaglik vir mekaar te bid en op een of ander manier kontak te maak met mekaar (bv deur mekaar te SMS of te bel), minstens een keer gedurende die week;
- Een 1 x 1-paar kom ooreen om vir die volgende week se sessie verantwoordelikheid te neem en om die bymekaarkomplek te kies (indien dit so deur die groep afgespreek is).

### **4.2 Verbind daartoe om Belhar te gaan leef**

In aansluiting by 4.1 verbind die groepslede hulle vir die komende week tot die volgende verantwoordelikhede:

- *Om met oop hande te leef deur:*
  - op die uitkyk te wees vir tekens van God se getrouheid en hulle daarvoor te verheug;
  - op die uitkyk te wees vir tekens van hoop en elkeen daarvan te vier;
  - daaglik te draai na God se beloofde toekoms;
  - daaglik saam met die Here Jesus te bid vir die eenheid van die kerk.

- *Om Artikel 2 van Belhar en die twee Bybelgedeeltes in hoofstuk 2 ter voorbereiding vir die volgende week se sessie te bestudeer.*

## **5. UITSTUUR (5 MINUTE)**

Die groeplede staan in 'n ry, skouer aan skouer, terwyl hulle Oos kyk, en hoopvol wag op God se beloofde toekoms. Hulle laat rus hulle boekies op hulle oop hande en neem beurte om die volgende stadig voor te lees:

- En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. (Romeine 13:11 – 12).
- Getroue God van die verlede, ons loof U met oop hande vir u genade; dat U deur al die eeue u kerk bymeakaargemaak het; dat U getrou bly aan u beloftes;
- Verrassende God van die toekoms, ons dank U dat U ons opwek uit die slaap, dat U u redding aan ons bied as 'n gawe van genade; dat U ons in die toekoms in roep na die Dag wat kom;
- Bemagtigende God van die hede, ons bevestig die betekenis van ons doop: help ons om ons rug te draai op verdeeldheid, selfsug en haat as werke van die duisternis; om die wapens van die Lig op te neem en 'n gemeenskap van hoop te word – om u toekoms nou te leef.
- Heilige Vader, ons behoort aan U; bewaar ons in u Naam, die Naam wat U aan ons gegee het; bewaar ons in u waarheid; beskerm ons van die Bose, sodat die vreugde van Jesus in ons volkome mag wees, en U in en deur ons verheerlik sal word.
- Die hele groep antwoord: Amen.

# AANVAAR MEKAAR

## MAAK OOP JOU HANDE

*Voorgestelde bymeakaarkomplek: Die huis van een van die deelnemers, verkieslik die huis van 'n NGK- of RCA-lidmaat.*

### 1. VERWELKOMING (5 MINUTE)

Die gashere verwelkom die groeplede in hulle huis. Die leier doen 'n gebed terwyl die groeplede hande vashou.

### 2. OMARMING (20 MINUTE)

- Die 1 x 1-pare gee kortliks terugvoer van hulle kontak met mekaar.
- Lede praat oor die tekens van getrouheid en hoop wat hulle waargeneem het.
- Elke groepslid vertel van een besondere ding wat gedurende die afgelope week met hom/haar gebeur het.

### 3. ONTDEKKING (45 MINUTE)

*Lees Markus 3:31-35 en Romeine 15:5-7 saam met Artikel 2 van Belhar:*

#### **Markus 3:31-35**

31 Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep. 32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U." 33 Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?" 34 Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers! 35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."

#### **Romeine 15:5-7**

5 En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. 6 Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus. 7 Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.

#### **Belydenis van Belhar, artikel 2 (uittreksel)**

Ons glo aan een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ons glo:

- dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in die kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;
- dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat

dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;

- dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;
  - dat ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van dié kerk is;
- *Let op wat julle ontdek wanneer julle saam by hierdie gedeeltes vertoef. Oorweeg vrae soos die volgende:*
- As alle Christene broers en susters is, watter tipe gesin of familie is dit?
  - Wat beteken dit om God se wil te doen (Markus 3:35)?
  - Watter verband is daar tussen ons geloofs familie en ons natuurlike familie? Is bloed regtig dikker as water?
  - Hoe het Christus ons verwelkom (Romeine 15:7)? Hoe behoort ons mekaar te verwelkom?
  - Wat is die betekenis van die doop vir kerkeenheid (sien Romeine 15:7)?
  - Waarom moet die eenheid van die Christenfamilie sigbaar word (Belhar, Artikel 2)?

#### **4. VERBINTENIS (10 MINUTE)**

##### **4.1 Verbintenis aan mekaar**

- Die groeplede verdeel in nuwe 1 x 1-pare.
- Die 1 x 1-pare praat afsonderlik vir vyf minute om die belangrike uitdagings waarvoor hulle in die komende week te staan kom, te deel. Hulle verbind hulle daartoe om een keer gedurende die week vir ongeveer 30 minute bymekaar te kom om mekaar beter te leer ken. Hulle word aangemoedig om 'n koffie- of tee-afspraak te maak by 'n plek wat vir albei gemaklik en veilig sal wees.
- Groeplede wat Facebook gebruik, kan dit oorweeg om mekaar op Facebook uit te nooi.
- Een 1 x 1-paar stem in om die verantwoordelikheid te neem vir die volgende week se sessie en om die bymekaarkomplek te kies (indien dit so deur die groep ooreengekom is).

##### **4.2 Verbintenis om Belhar te leef**

In aansluiting by 4.1 verbind die groeplede hulle vir die volgende week daartoe om:

- *Met oop hande te leef, deur:*
  - Die gegewe eenheid van die kerk te vier;
  - Christen-eenheid sigbaar te maak;
  - mekaar as egte broers en susters te aanvaar;
  - bewus te word van hoe ons in elke situasie met mense in verhouding tree;
  - daarop ingestel te wees om in elke situasie God se wil te doen.
- *Om Artikel 3 van Belhar en die twee Skrifgedeeltes wat in die volgende hoofstuk verskyn, ter voorbereiding vir volgende week se sessie te bestudeer.*

## 5. UITSTUUR (5 MINUTE)

Die groeplede staan in 'n sirkel, skouer aan skouer, en kyk na mekaar, om daardeur hulle eenheid in Christus te bevestig en te wys dat hulle gewillig is om nader aan mekaar te groei. Hulle kyk na mekaar en neem beurte om die volgende te lees:

- God wat ons versamel, met dankbaarheid ontvang ons die gawe van eenheid wat U vir ons gegee het in Jesus Christus, oor alle menslike grense heen;
- Gees van God, stel ons in staat om meer kreatief te werk daaraan om hierdie eenheid sigbaar en tasbaar te maak in ons samelewing;
- Here Jesus, wys ons wat dit beteken om God se wil te doen sodat ons waarlik u broers en susters kan word;

Mag God se krag van ons dra;

Mag God se mag van ons bewaar;

Mag God se hande ons beskerm;

Mag God se weg ons koers bepaal;

Mag God se liefde met ons gaan van nou af, tot in alle ewigheid.

Amen.



# BEVORDER VERSOENING

## WAS JOU HANDE

*Voorgestelde bymeakaarkomplek: Die huis van een van die deelnemers, verkieslik 'n VGKSA - of NGKA-lidmaat.*

### 1. VERWELKOMING (5 MINUTE)

Die gasheer verwelkom die groeplede in sy/haar huis. Die leier bid, terwyl die groep hande vashou.

### 2. OMARMING (20 MINUTE)

- Die 1 x 1-pare gee kortliks terugvoer oor hulle kontak met mekaar.
- Lede praat oor hoe hulle dit beleef het om as broers en susters met oop hande te leef en Christelike eenheid só sigbaar te kon maak.
- Elke lid vertel kortliks van een ondervinding van die pyn van verdeeldheid en vervreemding tussen die mense van Suid-Afrika.

**OF**

- vertel van een geleentheid waar hulle die vreugde van versoening tussen wit en swart Suid-Afrikanners ondervind het.

### 3. ONTDEKKING (45 MINUTE)

*Lees Jesaja 1:15-20 en Handeling 6:1-6 saam met die volgende uittreksels van Artikel 3 van Belhar:*

#### **Jesaja 1:15-20**

15 As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek. 16 Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen. 17 Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees. 18 Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.

Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol. 19 As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet, 20 maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard julle eet, want dit is die Here wat dit gesê het.

#### **Handeling 6:1-6**

In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreeussprekendes klagtes gekom van die Griekssprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word. 2 Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: "Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die

woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie. 3 Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel. 4 Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.” 5 Die voorstel het by al die gelowiges byval gevind, en hulle het Stefanus gekies, ’n man met ’n vaste geloof en vol van die Heilige Gees, en verder Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas, en Nikolaus wat van Antiogië afkomstig was en vantevore uit die heidendom tot die Jodedom oorgegaan het. 6 Die gelowiges het hulle voor die apostels gebring, en dié het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê.

### **Belydenis van Belhar, artikel 3 (uittreksel)**

Ons glo:

- dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;
  - dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;
  - dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het;
  - dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in ’n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;
- *Wat het julle ontdek deur in ’n kreatiewe gesprek te gaan met hierdie drie gedeeltes? Oorweeg vroe soos die volgende:*
    - Op watter manier nooi Jesaja (in die naam van God) Israel uit om hulle gebroke verhouding met God te herstel?
    - Wat was die aard van die konflik wat ontstaan het in Handeling 6:1-6?
    - Wat het die uitdeel van kos te doen met die evangelie?
    - Hoe het die apostels as vredemakers opgetree om die gebroke verhouding te herstel?
    - Wat bedoel Belhar as daar gesê word dat God reeds die magte van onversoenlikheid, haat, bitterheid en vyandigheid oorwin het?
    - Hoe kan hierdie gedeeltes Christene help om sout en lig in Suid-Afrika te word?

## **4. VERBINTENIS (10 MINUTE)**

### **4.1 Verbintenis aan mekaar**

- Die groeplede vorm nuwe 1 x 1-pare. Die nuwe 1 x 1-pare praat afsonderlik vir vyf minute om te besluit watter VGKSA-, RCA-, NGKA- of NGK-kerkdiens hulle op die daaropvolgende Sondag saam sal bywoon.
- Een 1 x 1-groep neem die verantwoordelikheid om die volgende week se sessie te lei en die bymeekaarkomplek te kies (indien die groep so ooreenkom).

## **4.2 Verbintenis om Belhar te leef**

In aansluiting by 4.1 neem die groeplede die volgende besluite vir die komende week:

- *Om daaraan te werk om gebroke verhoudings te versoen deur:*
  - Hulle persoonlike ervaring van rou en verlies oor wat verkeerd is in Suid-Afrika neer te skryf;
  - Persone te identifiseer met wie hulle persoonlik nie versoen is nie;
  - 'n Gebroke verhouding naby aan hulle te identifiseer wat hulle moontlik kan help genees;
  - Te bid dat God se lewensgewende Woord en Gees aan hulle die moed sal gee om hulle foute te bely en die genade te ontvang om mekaar te vergewe.
- *Om Artikel 4 van Belhar en die twee Skrifgedeeltes wat in die volgende hoofstuk na vore kom ter voorbereiding vir die volgende week se sessie te bestudeer.*

## **5. UITSTUUR (5 MINUTE)**

Die groeplede staan in twee rye aan weerskante van 'n tafel en kyk na mekaar, om daarmee uit te druk dat daar steeds groot klowe in ons samelewing is wat oorbrug moet word. Daar is 'n bak water, 'n koekie seep en 'n handdoek op die tafel. Hulle neem beurte om in stilte hulle hande te was. Hierna het die lede die geleentheid om, as hulle wil, iets te sê.

*Die hele groep lees dan die volgende gebed:*

- Genadige God, ons prys U dat deur die kruis en opstanding van Jesus Christus U reeds die kragte van haat, bitterheid en vyandigheid oorwin het.
- Opgestane Here, ons aanbid U as die Vredevoers. Dankie dat U ons geleer het om ons vyande lief te hê en dat U vir ons gewys het hoe om dit te doen deur die wyse waarop U geleef en gesterf het.
- Skepper-Gees, gee aan ons nederigheid, moed en geduld om versoeningswerkers te wees, om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te word. Amen.

# LAAT REG GESKIED

## LAAT JOU HANDE VUIL WORD

*Voorgestelde bymekaarkomplek: 'n Openbare plek. Dit kan 'n park wees of 'n restaurant, maar dit kan ook 'n plek van historiese belang in julle omgewing wees. Dit herinner ons daaraan dat ons geloof verband hou met ons publieke lewe. Wees bedag op die uitwerking wat dié publieke plek op vandag se gesprekke sal hê.*

### 1. VERWELKOMING (5 MINUTE)

Die groepleiers verwelkom die groeplede tot die publieke plek. 'n Groeplid bid, terwyl almal hande vashou.

### 2. OMARMING (20 MINUTE)

- Die 1 x 1-pare rapporteer kortliks van die kerkdienste wat hulle saam bygewoon het.
  - Lede vertel van die gebroke verhoudings waaraan hulle gewerk het (of aan gedink het).
  - Elke deelnemer vertel kortliks van:
    - 'n ervaring van onreg wat hulle gely het of waarvan hulle getuies was;
- OF**
- 'n ervaring van bevoordeling as gevolg van onreg wat hulle beleef het;
- OF**
- 'n ervaring van hoe onreg oorkom is en geregtigheid sigbaar geword het.

### 3. ONTDEKKING (45 MINUTE)

*Ondersoek Jesaja 58:1-10 en Matteus 25:31-40 saam met Artikel 4 van Belhar:*

#### **Jesaja 58:1-10**

1 Die Here sê: Roep uit volle bors, moet niks verswyg nie! Laat jou stem hoor, duidelik soos 'n ramshoring! Wys my volk op hulle oortredinge, die afstammeling van Jakob op hulle sondes. 2 Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou. 3 Hulle vra: "Waarom vas ons, maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?" Dit is omdat julle op die vasdae doen wat julle wil en die mense wat vir julle werk, nog harder laat werk. 4 Julle vasdae loop uit op twis en rusie, julle dam mekaar met die vuil by. Julle kan nie op hierdie manier vas en dan verwag dat julle gebed verhoor sal word in die hemel nie. 5 Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dit 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou? 6 Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? 7 Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee

nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie? 8 Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. 9 Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie, 10 as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag.

### **Matteus 25:31-40**

31 "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. 32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. 33 Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. 34 "Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, 35 want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; 36 Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' 37 Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? 38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? 39 Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' 40 En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.' 41 "Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, 42 want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie; 43 Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.' 44 Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' 45 En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.' 46 En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

### **Belydenis van Belhar, artikel 4**

Ons glo:

- dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring;
- dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;
- dat Hy die gevangeses bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help

en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reïne en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;

- dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhoud dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;
- dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtheid en by die verontregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

• *Gaan in dialoog met hierdie gedeeltes. Oorweeg die volgende vrae:*

- Waarom verwerp God die aanbidding van mense wat onreg beoefen of wat onverskillig is teenoor mense wat ly?
- Ondersteun die twee Skrifgedeeltes die uitspraak van Belhar dat God op 'n besondere manier die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is?
- Is dit moontlik om Christene te mobiliseer om te vas vir geregtigheid in Suid-Afrika?
- Ondersoek die betekenis van die uitdrukking: "die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan". Wat beteken dit prakties om "daar" te "staan"?

#### **4. VERBINTENIS (10 MINUTE)**

##### **4.1 Verbintenis aan mekaar**

- Hierdie week verdeel die groep nie in nuwe 1 x 1-groepe nie. Die hele groep spandeer vyf – tien minute om 'n besoek aan 'n gemeenskaps- (of barmhartigheids-) projek onder lydende en verstote mense te beplan wat deur 'n kerkagentskap of nie-regeringsorganisasie (verkieslik van die NGK-familie) in standgehou word.
- Die groep bespreek ook die moontlikheid om met hulle finale sessie (die volgende week) saam nagmaal te gebruik;
- Een 1 x 1-groep word gevorm om verantwoordelikheid te neem vir die leiding van die volgende week se sessie, sowel as om die plek van samekoms te kies (indien dit so deur die groep ooreengekom is).

##### **4.2 Verbintenis om Belhar te leef**

Die groeplede verbind hulle vir die komende week tot die volgende:

- Om as groep op die beplande besoek aan die gemeenskapsprojek te gaan;
- Om hulle persoonlike en gesinsleefstyl in die lig van vandag se gesprekke te ondersoek en dit met die gesinslede te bespreek;
- Indien ooreengekom is dat die nagmaal saam gevier sal word, iemand aan te wys om toestemming te kry van die plaaslike kerkraad, om 'n geordende NGK-, VGKSA-, RCA- of NGKA-predikant te vra om die nagmaal te bedien en die praktiese reëlings daarvoor te tref;
- Om Artikel 5 van Belhar en die teksgedeeltes van die volgende hoofstuk ter voorbereiding vir die volgende week se sessie te bestudeer.

#### **5. UITSTUUR (5 MINUTE)**

Die groeplede staan in 'n sirkel en kyk weg van mekaar, om daarmee te bevestig dat hulle

uitgestuur word om vir geregtigheid in die gemeenskap te werk. Die groeplede neem dan beurte om die volgende gebed (stadig) te lees:

- God van deernis, ons aanbid U as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil vestig;
- God van sending, ons dank U dat U ons in die gemeenskap instuur om deel te neem aan u werk om hierdie gebroke wêreld te help genees. Ons is gewillig om te staan waar U staan: aan die kant van hulle wat ly en onregverdig behandel word;
- Here Jesus, Helper van die hulpelose, Verlosser van die verlorenes,
  - open ons oë om U raak te sien in die mense wat honger is, dors is, eensaam, koud, siek en in die tronk is;
  - gee ons die moed om saam met U – aan hulle kant – te gaan staan;
- Bemagtigende Gees, oorkom ons gierigheid en selfgesentreerdheid. Leer ons vas vir geregtigheid. Keer ons lewe en gemeentes om – sodat ons deel kan word van u plan.

# DIEN EEN HERE

## LOOP HAND AAN HAND

*Voorgestelde bymekaarkomplek: Verkieslik in 'n NGK- of RCA-kerkgebou.*

*Aangesien dit die laaste ontmoeting is, behoort een lid gevra te word om 'n kamera saam te bring om 'n groeefoto te neem.*

### 1. VERWELKOMING (5 MINUTE)

Groeplede sit rondom die nagmaalstafel, indien moontlik. Die leier verwelkom die groep. 'n Groeplid bid, terwyl almal hande vashou.

### 2. OMARMING (25 MINUTE)

Elke groeplid:

- vertel van sy/haar indrukke van die besoek aan die gemeenskapsprojek;
- reflekteer op die selfondersoek van sy/haar leefstyl in die lig van Belhar, Artikel 4;
- vertel wat met hom/haar persoonlik gebeur het tydens die deelname aan hierdie groep vir die afgelope vyf weke.

### 3. ONTDEKKING (40 MINUTE)

*Bestudeer Handeling 5:27-32 en Filippense 1:27 – 30 saam met Artikel 5 van Belhar:*

#### **Handeling 5:27-32**

27 Hulle het hulle voor die Raad gebring, en die hoëpriester sê toe vir hulle: 28 "Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? En nou lê die hele Jerusalem vol van julle leer! Boonop wil julle ons ook nog verantwoordelik hou vir hierdie man se dood." 29 Petrus en die ander apostels het geantwoord: "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense! 30 Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. 31 God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe. 32 En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is."

#### **Filippense 1:27-30**

27 Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie 28 en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God. 29 God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly. 30 Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my



vroeër al sien sry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog sry.

## **Belydenis van Belhar, artikel 5**

Ons glo:

dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

- *Kyk hoe hierdie gedeeltes mekaar verduidelik en versterk. Bespreek die volgende:*
  - Waarom sal Christene dit waag om doelbewus aan menslike gesaghebbers ongehoorsaam te wees? Onder watter omstandighede is dit geregverdig?
  - Hoe dra Paulus se woorde “dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie en julle in geen opsig deur teenstanders laat afskrik nie” by tot hierdie gesprek?
  - Bespreek die stelling: “Artikel 5 maak van Belhar iets meer as ’n blote geloofsverklaring; die Christelike geloof is hier op die spel; die hele belydenis moet gelees word in die lig van hierdie artikel”.
  - Artikel 5 sê: “Die Kerk is geroep om al hierdie dinge *te bely en te doen* in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof”. Bespreek die woorde wat kursief gedruk is.

## **4. VERBINTENIS (10 MINUTE)**

### **4.1 Verbind aan mekaar, verbind daartoe om Belhar te leef**

- Toe ons hierdie reis begin het, het ons ons daartoe verbind om vyf weke lank bymekaar te kom. Hierdie is die laaste week van ons reis en die groep het nou die geleentheid om te besluit wat om hierna te doen. Daar is ’n paar moontlikhede: Die groep, of ’n deel van die groep, besluit om die verhouding wat daar tussen hulle ontstaan het voort te sit deur aan te gaan om weekliks as ’n kleingroep of Bybelstudiegroep bymekaar te kom.
- Die groep, of ’n deel van die groep, besluit om betrokke te raak by ’n plaaslike gemeenskapsprojek wat eenheid, versoening en geregtigheid in die gemeenskap bevorder en sodoende daarna streef om Belhar in die praktyk uit te leef.
- Sommige (of almal) van die 1 x 1-groepe wat gedurende die afgelope 5 weke gevorm is, kan elk die kern vorm van ’n nuwe 5 x 5-reis, deur agt nuwe lede van die onderskeie kerke te nooi om sodoende nuwe Leef Belhar-groepe te vorm. Indien al tien lede besluit om dit te doen, kan vyf nuwe groepe gevorm word.
- Die groep kan besluit om hulle gesamentlike reis te beëindig en hulle verhoudinge op individuele vlak te voort te sit, maar nie as ’n groep voort te bestaan nie.
- Wat ook al die besluit is wat gemeem word, moet alle groeplede seker maak hulle het mekaar se kontakbesonderhede voordat hulle as groep uitmekaar gaan.

## **5. UITSTUUR (10 MINUTE)**

Net soos met die einde van die eerste ontmoeting, staan die groeplede in ’n ry, skouer aan skouer, en kyk Oos, om daarmee hulleself opnuut te verbind aan die Here Jesus Christus, die helder Môrester wat die weg aandui na God se beloofde toekoms. Indien ’n nagmaalsviering gereël is, bedien die predikant die groep terwyl hulle langs mekaar staan. Na die nagmaal lees

een groeplid die volgende gebed (stadig):

(Indien daar geen nagmaal is nie, gaan die groep direk oor tot die slotgebed.)

- Getroue God, ons prys U dat U u kerk deur al die eeue heen bymekaar maak, beskerm en voed. Help ons om ons hoop op u trou te vestig.
- Verenigende God, ons prys U dat U ons een maak; dat U ons aan mekaar gee as broers en susters van dieselfde tafel. Bemagtig ons om mekaar van harte te aanvaar.
- Versoenende God, ons prys U vir die kruis en opstanding van Jesus deur wie ons gebroke verhoudings met U en met mekaar herstel is. Gee ons die krag om ons sonde te bely en die genade om hulle te vergeef wat ons te na gekom het.
- God van geregtigheid en deernis, ons staan verstom dat U, die Skepper van die heelal, U bemoei met die wat honger is, die wat dors is, die vreemdelinge, die wat nie klere het nie, die siekes en die gevangenes. Vul ons met die nederigheid, die geduld en die liefde om te staan waar U staan.
- Enige en lewende God, ons aanbid U alleen en verwerp alle ander gode voor U. Gee ons die insig en die moed om U in elke situasie en bo elke menslike gesag te gehoorsaam.
- En nou, as die familie van God, bid ons soos Jesus ons geleer het: "Ons Vader..."

***Die predikant wat die Nagmaal bedien het (of andersins 'n groeplid) spreek die seën uit:***

Die Here sal julle seën  
En julle beskerm;  
Die Here sal tot julle redding verskyn  
En julle genadig wees;  
Die Here sal julle gebede verhoor  
En aan julle vrede gee!  
Amen  
(Numeri 6:24-26)

# TEOLOGIESE NADENKE

Die boekie probeer nie 'n diepgaande gesprek van die teologie van Belhar bied nie, maar ons glo tog dat 'n paar dinge belangrik genoeg is om kortliks te bespreek. Ter wille daarvan dat groeplede kan verstaan wat die teologie agter die skryf van hierdie boekie is, bespreek ons die volgende vyf punte:

## 1. AL VYF ARTIKELS VAN BELHAR IS EWE BELANGRIK

Dit het gebruiklik geraak om te sê dat die boodskap van die Belydenis van Belhar te doen het met Eenheid (Artikel 2), Versoening (Artikel 3) en Geregtigheid (Artikel 4). Op hierdie manier word Artikel 1 (Hoop) en Artikel 5 (Gehoorsaamheid) onderbeklemtoon, of selfs geïgnoreer. Hierdie twee artikels word dan 'n blote omhulsel vir die "ware belydenis". Daardeur word die integriteit van die belydenis aangetas. Belhar spoor ons nie aan tot "mensgemaakte" aktivisme nie, maar nooi ons om deel te word van God se beskermende, verenigende, versoenende, transformerende en heiligmakende sending in die gemeenskap. Ons werk vir eenheid, versoening en geregtigheid moet ingebed wees in die sorg en genade van die Drie-enige God en in gehoorsaamheid aan Jesus Christus. Dit is ook belangrik om te onthou dat nie een van die middelste drie artikels belangriker as die ander is nie. As ons byvoorbeeld geroepe voel om te werk vir die eenheid van die kerk, herinner Belhar ons daaraan dat ons dit nie kan doen sonder om ook aan versoening in die gemeenskap en verset teen onreg aandag te gee nie. Op hierdie manier word ons verby ons persoonlike belange geroep om deel te wees van 'n geïntegreerde deelname aan die transformasie van God se wêreld. Ons hoop dat hierdie boekie deelnemers sal intrek in 'n spiritualiteit van Belhar, 'n spiritualiteit van hoopvolle vertroue in God se getrouheid (Artikel 1) en 'n verbintenis om niks en niemand anders te aanbid nie.

## 2. WAARHEID MOET GELEEF WORD

Die verstaan van die waarheid soos uitgestippel in die Belydenis van Belhar, gaan nie oor abstrakte idees of leringe wat in die lug hang nie. Dit druk die Bybelse idee uit dat die waarheid van God lewensveranderend is: dit maak ons vry (Joh. 8:32) en daarom moet ons die waarheid leef (of toepas) (1 Joh. 1:6). Daar is 'n noue verband tussen wat God gedoen het (en steeds doen), en dit wat ons moet doen. Omdat ons glo dat die kerk een gemaak is deur die werk van God se Gees, streef ons dit steeds na en beoefen ons gemeenskap met mekaar. Omdat ons glo in die boodskap van versoening in en deur Christus, streef ons daarna om in gehoorsaamheid as vredemakers te leef. Omdat ons glo dat God opstaan teen onreg en Hom skaar by die verontregtes, getuig ons teen hulle wat selfsugtig daarna soek om ander te beheer en te na te kom. God se waarheid is konkreet: dit moet van dag tot dag geleef word. Ons hoop dat hierdie boekie individue en groepe sal help om die waarheid van Belhar te leef.

## 3. GEESTELIK EN MATERIEEL

Die Belydenis van Belhar bied 'n holistiese en geïntegreerde siening van die menslike lewe. Dit skei nie die heilige van die alledaagse, die siel van die liggaam, Sondag van 'n weekdag, of kerk van wêreld nie. Dit skep nie 'n verdeling tussen die "slegte wêreld hier op aarde" en

die “ideale wêreld in die hemel daarbo” nie. Dit is gevorm deur die visie van die naderende Koninkryk wat te doen het met opstanding, vrede, geregtigheid en vreugde. Gelowiges word dus geroep om hoopvol in te beweeg in God se beloofde toekoms, aangesien die beslissende slag teen sonde, die dood en die bese te gelewer is – in die kruis en opstanding van Jesus Christus. Liggame is daarom net so belangrik as siele. Die Gees van God skep heelheid in ons en saamwees onder ons. Te dikwels probeer ons teologieë duidelik te onderskei tussen wat heilig is en wat nie heilig is nie, wat dit moeilik maak vir ons om ons geloof in verband te bring met ons lewe. Belhar roep ons nie weg uit hierdie wêreld – met al sy gebroekendheid en kompleksiteit – nie; intendeel, Belhar roep ons in hierdie gebroke wêreld in. Ons hoop dat groepe wat hierdie boekie gebruik, die lewe in al sy kompleksiteit ernstig sal neem.

#### **4. SAAM LEER, SAAM GROEI**

Die proses van leer en interaksie in hierdie boekie is gebou op die oortuiging dat Christene nie die wil van God alleen, in afsondering van mekaar, kan verstaan nie. Dit is net sáám met al die heiliges (Efesiërs 3:18) wat ons kan begin verstaan wat die volle omvang van Christus se liefde is. Wanneer Christene geskei van mekaar leef, tree hulle nie op in ooreenstemming met die waarheid van die evangelie nie (Galasiërs 2:14). Die boekie is dus op so ’n manier geskryf dat dit onmoontlik sal wees om die vyf weke alleen aan te pak. Ons hoop dat lede van verskillende kerke en verskillende gemeenskappe, saam sal kom om die wil van God te soek en te onderskei wat dit vandag beteken om Belhar te lewe.

#### **5. BEGELEIDENDE BRIEF**

Die motivering agter die opstel van die Belydenis van Belhar – en die doel waarvoor dit geskryf is – word helder in die Begeleidende Brief, wat by hierdie boekie aangeheg is, verduidelik. Op dieselfde manier as wat Belhar nie sonder Artikels 1 en 5 verstaan kan word nie, moet dit ook nie gelees word sonder die Begeleidende Brief nie. Ons hoop dat alle deelnemers dit saam met die belydenis sal lees.

# DIE BELYDENIS VAN BELHAR (1986)

1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.
2. Ons glo aan een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.
  - Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in die kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; Ef 2: 11-22.
  - dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; Ef 4: 1-16.
  - dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; Joh. 17:20-23.
  - dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; Fil 2:1-5; 1 Kor 12:4-31.
  - daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is; van een brood neem en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel; saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam sry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; Joh 13:1-17; 1 Kor 1:10-13; Ef 4:1-6; Ef 3:14-20; 1 Kor 10:16-17; 1 Kor 11:17-34; Gal 6:2; 2 Kor 1:3-4.
  - dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11; Ef 4:7-13; Gal 3:27-28; Jak 2:1-13.

### ***Daarom verwerp ons enige leer***

- *wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;*
  - *wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onderversoendheid;*
  - *wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;*
  - *wat uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.*
3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; 2 Kor 5:17-21; Matt 5:13-16; Matt 5:9; 2 Pet 3:13; Op 21 – 22.
- dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; Ef 4:17 – 6:23; Rom 6; Kol 1:9-14; Kol 2:13-19; Kol 3:1 – 4:6.
  - dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;
  - dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie byvoorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

*Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.*

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring;
- dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges

gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; Deut 32:4; Luk 2:14; Joh 14:27; Ef 2:14; Jes 1:16-17; Jak 1:27; Jak 5:1-6; Luk 1:46-55; Luk 6:20-26; Luk 7:22; Luk 16:19-31.

- dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; Ps 146; Luk 4:16-19; Rom 6:13-18; Am 5.
- dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

*Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.*

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Ef 4:15-16; Hand 5:29-33; 1 Pet 2:18-25; 1 Pet 3:15-18.

Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

# DIE BEGELEIDENDE BRIEF

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NGK-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en Skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit, omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.
2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.
3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die



gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die hele NGK-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saam met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry word en sáám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.



**ALGEMENE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE BELYDENIS VAN BELHAR**

webtulste: [www.belydenisvaabelhar.co.za](http://www.belydenisvaabelhar.co.za)

facebook: [www.facebook.com/belydenisvaabelhar](https://www.facebook.com/belydenisvaabelhar)

ISBN 978 1 86807 055 5



0 780864 877246 >